

## Klofiesig opening 10 April 2014

Geagte Mnr. Potgieter, beheerraad, boukommittee, ouers, alumni en kollegas.  
Die naam "Klofiesig" sê soveel meer as wat dit oënskynlik voorkom. "Sig" dui op 'n helder toekomsvisie, vorentoe sonder huiwering.

Skole lê ons praktyk en spesifiek myself na aan die hart. Hier word leerders blootgestel, nie net aan akademiese, sport, kuns en kultuur nie, maar hulle word ook beïnvloed deur hul omgewing, m.a.w. argitektuur. Argitektuur is 'n kritiese aspek in 'n kind se opvoeding en is so lank afgeskep in ons skole waar alles maar dieselfde moes lyk. Churchill het gesê: "we shape our buildings; thereafter they shape us." Dit is die plek en ambiance wat hul sal onthou vir geslagte lank – al het die boekekennis vervaag – ingeprent vir ewig, daarom is goeie ontwerp krities in enige gebou en nog meer so in 'n skool.

Dit het 'n instelling by ons firma geword om by skole waar ons betrokke was 'n spesiale nalatenskap te verewig. 'n Sentrale tema is die buitengewoon groot skoolwapens, geïntegreer in die ontwerp. Hierdie is 'n weerspieëling van 'n trotse eie identiteit. Die tyd vir skaamwees vir wie ons is, behoort nou amptelik tot die verlede.

Om hierdie rede is die skoolied ook in beton gegiet ("cast in stone"). Die muur dui op onbeskaamde respek vir en trots op ons taal, kultuur en waardes. Dit word dus meer as net 'n patroon, maar vergestalt permanensie. Dit is 'n bevestiging, wat ons deesdae so brood nodig het, dat ons wel hier hoort. Die gebou transformeer in 'n tuiste vir ons kinders, weg van hul huise, waar hul in totaliteit kan ontwikkel.

Myns insiens is ons toekoms te vind in "eilande van uitnemendheid." Hierdie sogenaamde "pockets of excellence", waarvan die skool 'n uitstekende voorbeeld is, is ons verantwoordelikheid om te ondersteun en te onderhou. Raak betrokke, ondersteun finansiëel en doen meer as jou deel. Sodoende kan die sigbare sistemiese verval rondom ons teë gewerk word. Hoërskool Waterkloof het uitstekend daarin geslaag om moue op te rol en skouer aan die wiel te sit met 'n "DIY"-uitgangspunt. Die 'doen-dit-self'- of "DIY"-kultuur is ons voorland en 'n narratief waaraan ons moet gewoon raak.

Om hierdie idee van **doen-dit-self** verder te neem het ons so ruk gelede die inisiatief *Cool Capital* gestig, sodat ons almal wat in die stad bly weer eienaarskap kan neem van waar ons bly. Ondersteun ons asseblief op sosiale media by Cool Capital 2014.

Vanaand sien ons een van die eerste visuele uitkomstes van Cool Capital – die skenking deur Angus Taylor en sy span van Dionysus. Hulle skenk nie net aan Cool Capital en Klofies nie, maar aan die hele gemeenskap en stad, 'n pragstuk, 'n landmerk wat die hele omgewing aktiveer. Dit is voorwaar 'n geskenk van epiese proporsie.

Angus Taylor is een van ons land se gevierde beeldhouers; gaan 'google' hom maar gerus. Die vrou op die donkie is simbolies lynreg teenoor die oorlogsheld op die perd, verwysend na die

anti-held. Die donkie is 'n nederige hardwerkende dier en so ook is die stokke waarvan sy gemaak is in teenstelling met tradisionele brons wat altyd as material gebruik word vir helde beelde. Dit is aards en natuurlik. In die onkonvensionele en die onverwagte is dikwels 'n oplossing vir oënskynlik onoorkomlike probleme.

Die boukommittee verdien spesiale vermelding. Deur hul waagmoed is honderde duisende rande bespaar. Toe die keuse val op projekbestuur in teenstelling met die normale boukontrak metode, het ek werklik gedink dit is baie braaf. Maar dit is hierdie onstuitbaarheid, wat deel is van die Afrikaner se DNA, wat ons moet koester. Daan Potgieter, Everhard Carstens, Pieter Knoesen en Anell Venter: wel gedaan. Die narratief word bekragtig: vergeet van burokratiese, rondslomp departemente en fokus op die taak. Die uitkoms spreek vanself.

Om jul 'n beter begrip te gee van die omvang van besparing: vier jaar terug was die staat se norme vir 'n universiteitskoshuiskamer 'n half miljoen rand per kamer (eetsaal ingesluit). Julle kan maar self die som maak met jul 80 kamers.

Die beheerraad het gedroom... die boukommittee het groter gedroom... en siedaar, 'n fenominale projek het vorm gekry. Mag hierdie entoesiasme oorvloei na ons kinders, sodat hul bly glo drome kan verwesenlik word. Moet asseblief ook nooit met negatiewe aanmerkings oor die toekoms hierdie drome onder hulle uitruk nie.

Intern is hierdie projek soos 'n Formule-1 resies hanteer. Wanneer die renmotor in die kuipe stop het elke spanlid geweet wat om te doen, vinnig en doeltreffend. Graag gee ek erkenning aan ons span: Liam Purnell, ontwerper met die fyn oog; Anton Smit, vir sy terrein administrasie, ontwerp en tegniese vaardighede; en Heinz Janz vir sy tegniese en konstruksie bydrae. Baie dankie aan Frans Kamffer vir sy groot bydrae en ondersteuning in al ons ontwerp besluite.

Ek laat jul met hierdie boodskap en wense: moenie ophou vorentoe kyk nie, jul visie en missie is inspirerend; mag die geboue kompleks ons altyd herinner dat ons in die kontemporêre idioom deel is van die wêreld en ons land, dat dit die gees van sy tyd eerlik weerspieël; mag niemand, geen negatiewe persoon of politikus, ons kinders se drome besoedel nie; dat waar daar 'n wil is, is daar 'n weg.

Ek sluit af met verwysing na die skoollied deur S.J. Pretorius:

Mag die kennismure opgerig jul fokus op vensters van die toekoms.

Mag die vriendelike vensterlig, soos uitgebeeld in die noorde daklig altyd die son inlaat.

Mag die dak van diensbaarheid en plig soos vergestalt in die gebou se ruim omsluitende dak jul altyd beskerm.

Vas lê die fondament en trou sodat julle sterk sal staan tot lank na julle oor die drumpel gaan.

Ek wens julle geluk en bedank julle vir die vertroue wat julle in ons gestel het.